1.2 **Dis nie wat ek met dié woorde bedoel het nie!**
Die kandidaat sal die opstel hoofsaaklik as 'n **beskrywende** opstel aanbied. Die fokus sal op die woorde/dade val wat nie bedoel is nie of verkeerdelik interpreteer is. In die vertel van die **verhaal** sal daar gekyk word na die gevolge van onbedoelde dade of woorde op ander karakters. Die kandidaat kan ook **bespiegel** wat die uitwerking van woorde wat nie bedoel word nie, op iemand is. Die woorde hoef nie in die skryfstuk genoem te word nie, 'n verwysing daarna is voldoende. **[50]**

1.3 **Die aflaai van rolprente, reekse en musiek sonder om daarvoor te betaal, is oneties.**
Hierdie onderwerp is by uitstek 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel waar die kandidaat hom of haar uitspreek ten gunste van of teen die stelling en die leser oortuig om sy of haar standpunt oor roofkyk of -luister te aanvaar. Die kandidaat kan moontlik ook redeneer of dit werklik so onwettig is. In 'n **verhalende** opstel sal die kandidaat die storie van iemand wat oor dié saak tronk toe is, vertel. 'n **Beskrywende** opstel kan handel oor die aflaaiproses van sulke materiaal en hoe nadelig dit is vir mense wat 'n bestaan uit die inkomste van verkope moet maak. **[50]**

1.4 **Dis 'n grys herfsoggend ...**
As 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat **verhalend** skryf oor wat daardie grys herfsoggend gebeur het en veral fokus op die artikel waarna tevergeefs gesoek is. In 'n **beskrywende** opstel kan die herfsoggend en die gebeure lewend word deurdat emosies en gebeure in detail beskryf word, eerder as wat 'n storie oor karakters vertel word. In die **bespiegelende** opstel kan die redes vir die gebeure daardie oggend ondersoek word. In die **argumenterende en beredeneerde** opstel kan daar rondom die onnodigheid van misdaad in ons samelewing geargumenteer of beredeneer word. Die hele onderwerp moet in die kandidaat se opstel betrek word. **[50]**

1.5 **Deur die hospitaalvenster ...**
Die kandidaat kan die opstel as 'n **verhalende** opstel aanbied. Die woorde kan as die inleiding of slot of in die verloop van die opstel gebruik word. Kandidate kan 'n verhaal skryf oor 'n gebeurtenis wat hy/sy deur die hospitaalvenster dophou./ waargeneem het. Die kandidaat kan ook verhaal hoe hy/sy in die hospitaal beland het en nou deur die venster lê en kyk. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat sy waarneming gee van wat hy/sy sien/hoor deur deur die venster te kyk en na die buitekant te luister. In 'n **beredeneerde/argumenterende** opstel kan standpunt ingeneem word oor goeie/swak hospitaalsorg of die voor- en/of nadele verbonde daaraan om in die hospitaal versorg te word. Kandidate kan **bespiegelend** skryf oor die moontlikhede om te herstel of oor dit wat hy/sy die meeste van die normale lewe mis. **[50]**

1.6.1 **Beeld wat sit**
Interpretasies kan lei tot 'n **beskrywende**, **verhalende** of selfs **bespiegelende** opstel, bv. 'n **beskrywing** van mense wat uniek is, of die wêreld uit 'n ander oogpunt benader of iemand wat 'n denker is. Beeldhoukuns/Kuns kan ook beskryf word. 'n **Verhaal** kan handel oor 'n karakter wat terugdink oor iets wat in die verlede gebeur het of droom oor iets wat iewers in die toekoms wag. Verhale oor armoede en swaarkry is ook aanvaarbaar. Hierdie onderwerp kan ook die feit dat daar van die mens verwag word om te hardloop/jaag/presteer/hard te werk om te oorleef sonder tyd om stil te word en oor die lewe te dink/daaroor te peins. In 'n **argumenterende** en **beredeneerde** opstel kan die kandidaat kwessies van kuns/die waarde van kuns/die enkeling teenoor die massa/die vreugde van ongekunsteldheid/die sin van die lewe/melancholie/swaarkry beredeneer. **[50]**

